



Vak: Graad 7 Afrikaans

Onderwerp: Afrikaans: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 87 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die drie samestellings uit die volgende lys woorde:

hondehok

oefening

raaisel

varswatervis

gelaai

sportklub

(1) , (2) , (3)

Kies jou antwoorde in alfabetiese volgorde.

Opsies Is: hondehok | oefening | raaisel | varswatervis | gelaai | sportklub

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Ek slaap nie.

Die ontkennde sin ("negative sentence") is korrek.

WAAR

ONWAAR



Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte woorde wat die ontkenende sin ("negative sentence") sal voltooi:

Hulle woon steeds in Gauteng.

Hulle woon (1) in Gauteng (2) .

Opsies Is: nog nooit | nie meer | meer nie | nie

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Vul die ontbrekende werkwoord en voegwoord in.

Ek (1) baie hard (2) ek goed kan speel.

Opsies Is: sodat | maar | en | want | oefen | oefin

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 5: Veelvuldige Keuse

4 punte

Homonieme ("Homonyms") is woorde wat dieselfde klink en dieselfde gespel word, ...

- | | |
|----------|------------------------------------|
| A | en trappe van vergelykings het. |
| B | maar verskillende betekenisse het. |
| C | en dieselfde betekenisse het. |
| D | maar met hoofletters geskryf word. |

Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Vul die ontbrekende woord in:

Die woord "siek" is 'n ... van die woord "ongesond" .

--



Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wanneer iets baie sag is, praat ons van "papsag".

Noem nog een ander intensiewe vorm wat jy met die woord "pap" kan maak.

--

Vraag 8: Waar/Onwaar

2 punte

Die woord, **noot**, is 'n **homoniem** ("homonym"), want dit word **dieselfde gespel** en **klink dieselfde** en dit het **twee betekenisse**, naamlik 'n noot as 'n geldeenheid en 'n noot in musiek.

WAAR

ONWAAR

Vraag 9: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte vorm van die trappe van vergelyking ("degrees of comparison") in die volgende stelling:

Die seun is teleurgesteld, sy suster is (1), maar sy ma is die (2) .

Opsies Is: meer teleurgestelder | meer teleurgesteld | mees teleurgesteldste | mees teleurgesteld

1

2

Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Voor- en agtervoegsels ("prefixes and suffixes") word gebruik om die (1) vorm van woorde te vorm, soos held**in** en die (2) van 'n woord te vorm soos **geslaap**.

Kies die antwoorde in die volgorde waarin dit in die sin voorkom.

Opsies Is: vroulik | manlik | toekomstige | verlede

1

2



Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Kyk, die volmaan!

Dit is 'n ... sin.

Tik **slegs een woord**.

--

Vraag 12: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die **maksimum** en ... temperatuur van elke dag word op televisie vertoon.

--

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte homofone om die sin te voltooi:

Die (1) broek (2) elke dag meer in die son.

Opsies Is: faal | vaal | blyk | bleik

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 14: Veelvuldige Keuse

4 punte

Ek voel so honger soos 'n ...

- | | |
|----------|--------------|
| A | wolf. |
| B | kraai. |
| C | trapsuutjie. |
| D | jakkals. |



Vraag 15: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte antwoord:

Watter leesteken word gebruik om die meervoud van die woord radio te vorm?

- | | |
|----------|-----------------|
| A | Afkappingsteken |
| B | Aanhalingsteken |
| C | Komma |
| D | Vraagteken |

Vraag 16: Waar/Onwaar

2 punte

Wanneer ons 'n stam (kern) met voor- of agtervoegsels (affikse) uitbrei, is dit 'n afleiding.

WAAR**ONWAAR****Vraag 17: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Sê of die volgende sin 'n letterlike of figuurlike betekenis het:

Haar lang vingers maak dat ons maar altyd ons goeijies wegsluit.

(Antwoord net met "letterlik" of "figuurlik").

Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Voor die opnoem van 'n lys items gebruik ons 'n ...



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 19



Vraag 19: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte spelling van die byvoeglike naamwoord in die volgende sin:

In Ceres is daar 'n **(hoog)** berg wat vol sneeu is in die winter.

- | | |
|----------|---------|
| A | hoge |
| B | hoë |
| C | hoër |
| D | hoogste |

Vraag 20: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter een pas nie?

Die **gesegde** ("verb") van 'n sin kan bestaan uit ...

- | | |
|----------|--------------------------------|
| A | selfstandige naamwoord |
| B | hoofwerkwoord |
| C | koppelwerkwoord |
| D | hoofwerkwoord en hulpwerkwoord |

Vraag 21: Waar/Onwaar

2 punte

Byvoeglike naamwoorde ("adjectives") kom in **vergelykings** ("comparisons") voor, byvoorbeeld: Hy is so **stadig** soos 'n slak.

WAAR

ONWAAR

Vraag 22: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee die korrekte vorm van die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin:

Die meisie se vel is grof in die winter, sy het dus 'n ... vel en daarom moet sy room aansmeer.

--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23**Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende**

8 punte

Skryf hierdie sin oor as 'n bevelsin:

Hy eet sy kos. - (1) (2) (3) (4) .

Opsies Is: jou | Eet | kos | . | ! | jy | hy

1	
3	

2	
4	



Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

Die woordorde in die volgende sin is korrek:

Pa gaan per trein die volgende dag Kaapstad toe.

Vraag 25: Waar/Onwaar

2 punte

Die volgende vergelyking ("comparison") is korrek:

Iets **smelt** soos 'n groot speld.

Totaal: 87 Punte